- 3.5.3 the provincial support officer to provide the Provincial Minister with a report on the findings of the monitoring and support, with reasons, and his or her recommendations;
- 3.5.4 the Provincial Minister to provide a copy of the report to the municipality concerned.

3.6 **Clause 6** amends section 4 of the principal Act by clarifying that the practice notes issued in terms of that section have the status of non-binding guidelines.

3.7 **Clause 7** inserts the proposed sections 4A, 4B and 4C in the principal Act that provide—

- 3.7.1 for the Provincial Minister, on receipt of information of a suspected failure by a municipality to fulfil a statutory obligation, or of maladministration, fraud, corruption or other serious malpractice, if he or she has reason to believe that a record relating to the information received will be concealed or destroyed if not secured as a matter of priority, to designate a ministerial support officer to travel to the municipality without prior notice to the municipality and inspect,

secure and copy a record relating to the received information in the manner provided for in the proposed section 4A, read with the proposed section 7A, as inserted by clause 11;

- 3.7.2 for the Provincial Minister, on receipt of well-founded allegations that a municipality cannot or does not fulfil an executive obligation in terms of the Constitution or a statutory obligation binding on the municipality or of maladministration, fraud, corruption or other serious malpractice, to direct the municipal council of the municipality to conduct a preliminary assessment of the allegations, and further that the Provincial Minister may require the municipal council to provide him or her with a preliminary assessment report stipulating the findings and the steps that have been taken or will be taken to address the matter;
- 3.7.3 for the avoidance of the duplication of assessments and investigations by expressly providing for the Provincial Minister to refer an allegation to the South African Police Service, an institution contemplated in Chapter 9 of the Constitution, the Special Investigating Unit or another organ of state if he or she deems it more appropriate for such a body to investigate the matter and to await the outcome of such an investigation before taking action in terms of section 106 of the Municipal Systems Act or the principal Act.
- 3.8 **Clause 8** substitutes section 5 of the principal Act by making technical amendments to the required procedures before invoking section 106(1) of the Municipal Systems Act.
- 3.9 **Clause 9** amends section 6 of the principal Act by—
 - 3.9.1 making technical amendments to the required procedures when invoking section 106(1) of the Municipal Systems Act;
 - 3.9.2 providing that, if the Provincial Minister is satisfied that a municipality cannot fulfil a statutory obligation due to incapacity, the Provincial Minister may determine appropriate steps, in cooperation with the municipality, to develop the capacity of the municipality and to ensure that the municipality implements applicable practice notes and other best-practice standards;
 - 3.9.3 clarifying that, if the Provincial Minister acts under subsection (1)(a) of section 6 or paragraph (a) of subsection (2), he or she is not precluded from designating a person or persons to investigate the matter as contemplated in section 7;
 - 3.9.4 adding a provision providing that, if the Provincial Minister has reason to believe, based on the assessment contemplated in section 5, that a municipality cannot or does not fulfil a statutory obligation or that maladministration, fraud, corruption or any other serious malpractice has occurred or is occurring in the municipality, but does not consider it necessary to designate a person or persons to investigate the matter, he or she may direct the municipality to prepare a report stipulating the steps that have been taken, or will be taken, by the municipality to address the matter.
- 3.10 **Clause 10** amends section 7 of the principal Act by—
 - 3.10.1 providing for additional powers an investigator may exercise for the purposes of an investigation contemplated in section 6(1)(b) of the Act, including the right to enter the premises or property of a municipality where he or she reasonably suspects a record is kept that may have a bearing on the investigation, to copy or duplicate any such record or remove any such record (including an electronic device),

- provided that the record (or electronic device) is returned to the municipality without unreasonable delay, for the purpose of ascertaining any matter relating to the subject matter of the investigation, to require a person to make an oral or written declaration under oath or affirmation or to subpoena any person to produce any record or object relevant to the investigation at the time and place specified in the subpoena;
- 3.10.2 providing that the investigator has full and unrestricted access to any record of the municipality or staff member or office-bearer of the municipality in the manner set out in that provision and the provision proposed to be inserted by clause 11 of the Amendment Bill, if the investigator reasonably suspects that the record, staff member or political office-bearer concerned may give access to or provide information that has a bearing on the investigation;
- 3.10.3 providing for the Provincial Minister to share the report and recommendations of the investigator with the South African Police Service, an institution contemplated in Chapter 9 of the Constitution, the Special Investigating Unit, another organ of state or the councillors of the municipality concerned;
- 3.10.4 adding a provision that provides that, in the event that the investigator's report indicates that the municipality cannot or does not fulfil a statutory obligation or that maladministration, fraud, corruption or any other serious malpractice has occurred or is occurring in the municipality, the Provincial Minister may direct the municipality to prepare a report, by a stipulated date, indicating the steps that have been taken, or will be taken, by the municipality to give effect to the findings and recommendations of the investigator's report.
- 3.11 **Clause 11** inserts the proposed section 7A that provides for the manner in which the ministerial support officer and investigator must exercise their functions—
- 3.11.1 by providing that the ministerial support officer or investigator may require a staff member, councillor or political office-bearer of a municipality to comply with a direction or answer questions put to him or her notwithstanding a duty of impartiality imposed on that person by legislation that regulates, or an agreement that relates to the conduct of a staff member, councillor or political office-bearer of the municipality, or any provision in legislation or other applicable instrument regulating the management of records in a municipality;
- 3.11.2 by indicating the manner in which the ministerial support officer and investigator must exercise the power to enter the property or premises of a municipality, including provision that such power may only be exercised by virtue of a warrant issued in chambers by a judge of the high court who has jurisdiction unless the highest-ranked staff member or political office-bearer present at the property consents to such entry or there are reasonable grounds to believe that a warrant would on application be issued, but the delay that may be caused by applying for a warrant would defeat the object of obtaining the warrant.
- 3.12 **Clause 12** amends section 9 of the principal Act by deleting a reporting requirement subsequent to action taken in terms of section 6(1)(a) or (b) of the Act.
- 3.13 **Clause 13** substitutes section 10 of the principal Act by making provision for the Provincial Minister to make regulations on—
- 3.13.1 adequate safeguards for the processing of personal information;

3.13.2 processes to facilitate the implementation of the Act.

These provisions are empowering provisions that authorise the Provincial Minister to make regulations on such matters to facilitate improvements in the implementation of the Act, once enacted, if the need arises. These matters are administrative in nature and considered appropriate to be included in regulations.

The proposed provision noted in paragraph 3.13.1 above, which authorises the Provincial Minister to make regulations on “adequate safeguards for the processing of personal information” must be read with the proposed section 7A(5) inserted by clause 11, which relates to the manner in which personal information must be handled by the ministerial support officer, provincial support officer, local government support officer or investigator. It is noted that the Protection of Personal Information Act, 2013 (Act 4 of 2013) (POPIA), is potentially applicable to information obtained by the Province in terms of the Amendment Bill, once enacted. The exemptions from specified provisions provided for in section 38 of POPIA are, however, likely to be applicable. In this regard, the Province is a public body (as defined in section 1 of POPIA) and the functions in the Amendment Bill are also functions that may be construed to protect members of the public against dishonesty, malpractice or other seriously improper conduct by or the unfitness or incompetence of persons authorised to carry on any profession or other activity. Accordingly, sections 11(3) and (4), 12 and 15 will not apply to the extent that the application of those provisions would be likely to prejudice the proper discharge of that function.*

Section 6(1)(c)(ii) of POPIA provides that the processing of information is excluded from its application, including in respect of—

“... the processing of personal information—

(c) by or on behalf of a public body—

(ii) the purpose of which is the prevention, **detection**, including assistance in the identification of the proceeds of unlawful activities and the combating of money laundering activities, **investigation or proof of offences**, the prosecution of offenders or the execution of sentences or security measures,

to the extent that adequate safeguards have been established in legislation for the protection of such personal information;”.

The functions under the Amendment Bill fall within section 6(c)(iii) and, in light thereof, provision is accordingly included in the Amendment Bill authorising the Provincial Minister to make regulations for “adequate safeguards for the processing of personal information” as an option in the future.

3.14 Clause 14 substitutes section 11 of the principal Act by providing for additional offences.

* Section 38 of POPIA provides the following:

“(1) Personal information processed for the purpose of discharging a relevant function is exempt from sections 11 (3) and (4), 12, 15 and 18 in any case to the extent to which the application of those provisions to the personal information would be likely to prejudice the proper discharge of that function.

(2) “Relevant function” for purposes of subsection (1), means any function—

(a) of a public body; or

(b) conferred on any person in terms of the law,

which is performed with the view to protecting members of the public against—

(i) financial loss due to dishonesty, malpractice or other seriously improper conduct by, or the unfitness or incompetence of, persons concerned in the provision of banking, insurance, investment or other financial services or in the management of bodies corporate; or

(ii) dishonesty, malpractice or other seriously improper conduct by, or the unfitness or incompetence of, persons authorised to carry on any profession or other activity.”.

4. CONSULTATION

- 4.1 The following role players were consulted:

Chief Registrar of the Western Cape High Court
Department of the Premier: Legal Services
Other provincial departments
South African Local Government Association (Salga)
The Information Regulator

- 4.2 Proposed amendments to the Act were presented and discussed at the Legislative and Constitutional Task Team meeting between the Department, Department of the Premier (Legal Services), other provincial departments, Salga and municipalities (legal advisers, directors: Corporate Services and municipal managers), held on 5 March 2021. The Amendment Bill was also presented and discussed at the Salga Western Cape Governance and Intergovernmental Relations Working Group meeting held on 10 May 2023.
- 4.3 The Amendment Bill was published for comment in *Provincial Gazette* 8723 dated 24 February 2023, with a closing date of 6 April 2023. The period for public comments was subsequently extended by way of a further notice in the *Provincial Gazette* with a new closing date for public comments of 28 April 2023 to give further opportunity for the public to comment.
- 4.4 The Amendment Bill was further circulated by means of Circular C11 of 2023 to all municipalities in the Province and to Salga, calling for comments on the Amendment Bill.

5. FINANCIAL IMPLICATIONS

The proposed amendments do not envisage the (i) establishment of additional structures to the Department or (ii) further employment of members to the staffing establishment. If internal capacity does not permit officials from the Provincial Government or staff from a municipality in the Province to be designated by the Provincial Minister as a local government support officer, ministerial support officer or provincial support officer, then external persons will have to be appointed, with the associated cost implications.

The direct costs to government will include travel costs for departmental staff to attend on municipalities, *inter alia* to conduct proactive assessments. The costs are not determinable at this stage as it would depend on when such an assessment is required.

6. LEGISLATIVE COMPETENCE

The Provincial Minister responsible for local government is satisfied that all the provisions in the Amendment Bill fall within the legislative competence of the Province.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vetdruk in vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
-
- Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.
-

WETSONTWERP

Tot wysiging van die Wes-Kaapse Wet op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteit, 2014 (Wet 4 van 2014), ten einde sekere woordomskrywings in te voeg; om voorsiening te maak vir die Provinciale Minister om enige munisipaliteit of kategorie munisipaliteit deur kennisgewing in die *Provinciale Koerant* te versoek om inligting aan 'n vermelde provinsiale staatsorgaan voor te lê; om voorsiening te maak vir toegang tot rekords van 'n munisipaliteit gedurende 'n evaluering of ondersoek deur sekere provinsiale funksionaris; om voorsiening te maak vir die aanwysing van steunbeamptes aan munisipaliteit; om voorsiening te maak vir die aanwysing van 'n provinsiale steunbeampte; om die bepalings te wysig wat voorsiening maak vir samewerking tussen 'n munisipaliteit en die Departement; om voorsiening te maak vir procedures vir die proaktiewe monitering van munisipaliteit; om voorsiening te maak vir procedures vir die inspeksie, beveiliging en kopiëring van rekords in vermelde omstandighede; om voorsiening te maak vir die Provinciale Minister om by ontvangs van sekere bewerings 'n munisipale raad te beveel om 'n voorlopige evaluering uit te voer; om die Provinciale Minister te magtig om die uitkoms van ondersoke deur ander staatsorgane af te wag voor hy of sy kragtens artikel 106 van die Wet op Munisipale Stelsels of hierdie Wet optree; om die vereistes te wysig met betrekking tot die evaluering wat deur die Provinciale Minister uitgevoer moet word voor 'n beroep op artikel 106(1) van die Wet op Munisipale Stelsels; om die procedures te wysig by die beroep op daardie artikel; om sekere verslagdoeningsvereistes te skrap; om voorsiening te maak vir aangeleenthede waarvoor die Provinciale Minister regulasies kan maak; om verdere misdrywe bekend te maak; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinciale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 2014

1. Artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteit, 2014 (Wet 4 van 2014) (die Hoofwet), word gewysig—

(a) deur ná die omskrywing van "hierdie Wet" die volgende omskrywing in te voeg:

"**'kommissaris van ede'** 'n kommissaris van ede aangestel kragtens artikel 5 van die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963

- (Wet 16 van 1963), of die bekleer van 'n amp aangewys deur die minister |
verantwoordelik vir justisie kragtens artikel 6 van daardie Wet;";
- (b) deur voor die omskrywing van "munisipale bestuurder" die volgende omskrywing in te voeg:
"'ministeriële steunbeampte' 'n onafhanklike persoon of 'n beampete van die Provinciale Regering, 'n provinsiale openbare entiteit of 'n munisipaliteit in die Provincie, aangewys ingevolge artikel 4A om die funksies beoog in daardie artikel te verrig";
- (c) deur ná die omskrywing van "ondersoeker" die volgende omskrywings in te voeg:
"'personeellid', met betrekking tot 'n munisipaliteit, 'n werknemer van die munisipaliteit, insluitende die munisipale bestuurder;
'persoonlike inligting' persoonlike inligting soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013);
'plaaslikeregering-steunbeampte' 'n persoon aangewys kragtens artikel 2B;
'politieke ampsbekleer' 'n politieke ampsbekleer soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Munisipale Stelsels;";
- (d) deur ná die omskrywing van "Provinciale Regering" die volgende omskrywing in te voeg:
"'provinciale steunbeampte' 'n onafhanklike persoon of 'n beampete van die Provinciale Regering, 'n provinsiale openbare entiteit of 'n munisipaliteit in die Provincie, aangewys om die funksies beoog in artikel 3A te verrig"; en
- (e) deur ná die omskrywing van "regulasie" die volgende omskrywings in te voeg:
"'rekord' geboekstaafde inligting, ongeag die vorm of medium, met inbegrip van 'n lêer, dokument, boek of ander skriftelike of elektroniese rekord;
'Spesiale Ondersoekenheid' die Spesiale Ondersoekenheid ingestel kragtens artikel 2(a) van die Wet op Spesiale Ondersoekenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet 74 van 1996), of enige regsonvolger;".

Wysiging van artikel 2 van Wet 4 van 2014

2. Artikel 2 van die Hoofwet word gewysig deur die volgende subartikels by te voeg, 35 met die bestaande artikel wat subartikel (1) word:
- "(2) Die Provinciale Minister kan deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* enige munisipaliteit, of enige kategorie of soort munisipaliteit vermeld in die kennisgewing, versoek om, hetsy met gereelde tussenposes of binne 'n vermelde tydperk, aan 'n vermelde provinsiale staatsorgaan die inligting voor te lê soos dit in die kennisgewing vereis mag word.
- (3) Wanneer die Provinciale Minister sy of haar bevoegdhede ingevolge subartikel (2) uitoefen—
- (a) moet die Provinciale Minister so ver as moontlik op die tersaaklike ingestelde statutêre verslae staatmaak wat ingevolge enige wet deur munisipaliteite voorgelê word; en
- (b) kan die Provinciale Minister redelike versoek aan munisipaliteite rig vir bykomende inligting ná inagneming van—
- (i) die administratiewe las op munisipaliteite om die inligting te verskaf;
 - (ii) die koste daarvan verbonde; en
 - (iii) bestaande meganisme, stelsels en prosesse vir prestasie-monitering in die munisipaliteit."

Invoeging van artikels 2A en 2B in Wet 4 van 2014

3. Die volgende artikels word ná artikel 2 van die Hoofwet ingevoeg:

“Toegang tot rekords van munisipaliteit”

2A. Vir die doeleindes van monitering, evaluering of ondersoek van ’n munisipaliteit ingevolge hierdie Wet moet ’n munisipaliteit of enige munisipale entiteit onder die alleen- of gedeelde beheer van die munisipaliteit aan die provinsiale uitvoerende gesag, Provinsiale Minister, ministeriële steunbeampte, provinsiale steunbeampte of beamptes van die Departement, op versoek van enige van hierdie persone, toegang gee tot sodanige rekords soos dit nodig mag wees vir sodanige monitering, evaluering of ondersoek.

5

10

Aanwysing van plaaslikeregering-steunbeamptes

2B. Die Provinsiale Minister kan een of meer—

- (a) beamptes van die Provinsiale Regering;
- (b) verteenwoordigers van ’n provinsiale openbare entiteit;
- (c) personeellede van ’n munisipaliteit in die Provinsie, onderhewig aan die instemming van die munisipale bestuurder;
- (d) onafhanklike persone, as ’n plaaslikeregering-steunbeampte aanwys om ondersteuning aan ’n munisipaliteit te verleen soos beoog in artikel 154(1) en artikel 155(6) van die Grondwet.”.

15

20

Wysiging van artikel 3 van Wet 4 van 2014

4. Artikel 3 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) [’n Munisipaliteit] Die munisipale raad, speaker, burgemeester of munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit kan die Provinsiale Minister of die hoof van enige provinsiale departement versoek om [**die munisipaliteit**] in die verrigting van [**sy**] hul onderskeie funksies in die algemeen by te staan of om aandag te skenk aan ’n spesifieke aangeleentheid wat verband hou met hul onderskeie funksies [te handel]; en

25

30

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Wanneer so ’n versoek gemaak word[—],

[**(a) moet die Departement of die ander tersaaklike provinsiale departement met die munisipaliteit saamwerk en, so ver as wat redelik moontlik is, die bystand wat versoek is, verleen; en**

35

(b)] moet die Departement, of die ander tersaaklike provinsiale departement, en die munisipaliteit met mekaar saamwerk en hul handelinge so ver as wat redelikerwys moontlik is, koördineer.”.

40

Invoeging van artikel 3A in Wet 4 van 2014

5. Die volgende artikel word ná artikel 3 van die Hoofwet ingevoeg:

“Proaktiewe monitering”

3A. (1) Ten einde munisipaliteite proaktief te monitor en te ondersteun, kan die Provinsiale Minister, ten opsigte van ’n munisipaliteit, ’n provinsiale steunbeampte aanwys om—

45

- (a) voldoening deur ’n munisipaliteit aan die toepaslike statutêre verpligtinge te bepaal;
- (b) implementering deur die munisipaliteit van toepaslike beleide, standaardwerksprosedures en praktyknotas te evalueer;

50

(c) risiko's te identifiseer en verbeteringe aan prosedures en prosesse voor te stel ten einde bedrog, korruksie, wanadministrasie en wanpraktyk te voorkom; en	
(d) proaktief bystand te verleen met die bespeuring van bedrog, korruksie, wanadministrasie of wanpraktyk in 'n munisipaliteit.	5
(2) Indien die Provinciale Minister 'n provinsiale steunbeampte aanwys ingevolge subartikel (1), moet die Provinciale Minister die bestek van die monitering en ondersteuning wat verleen moet word, en die ander opdragte vir die aanwysing skriftelik bepaal.	10
(3) Die provinsiale steunbeampte moet die Provinciale Minister voorsien van—	
(a) 'n verslag oor die bevindinge van die monitering en ondersteuning en 'n ontleding beoog in subartikel (1), met inbegrip van die redes vir daardie bevindinge; en	
(b) sy of haar aanbevelings met betrekking tot die bevindinge.	15
(4) Die Provinciale Minister moet 'n afskrif van die verslag en aanbevelings van die provinsiale steunbeampte aan die betrokke munisipaliteit verskaf.”.	

Wysiging van artikel 4 van Wet 4 van 2014

6. Artikel 4 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (4) deur die volgende 20 subartikel te vervang:

“(4) Praktyknotas uitgereik ingevolge subartikel (1) het die status van niebin-dende riglyne.”.

Invoeging van artikels 4A, 4B en 4C in Wet 4 van 2014

7. Die volgende artikels word ná artikel 4 van die Hoofwet ingevoeg: 25

“Inspeksie, beveiliging en kopiering van rekords

4A. (1) Indien die Provinciale Minister, by ontvangs van inligting van 'n vermoedelike versuim deur 'n munisipaliteit om aan 'n statutêre verpligting te voldoen, of van wanadministrasie, bedrog, korruksie of ander ernstige wanpraktyk, rede het om te glo dat 'n rekord in verband met die inligting wat ontvang is, versteek of vernietig sal word indien dit nie as 'n saak van prioriteit beveilig word nie, kan hy of sy, sonder voorafkennisgewing aan die munisipaliteit, 'n ministeriële steunbeampte aanwys om na die munisipaliteit te reis en 'n rekord in verband met die inligting wat ontvang is, te inspekteer, te beveilig en te kopieer op die wyse beoog in subartikel (5), saamgelees met artikel 7A.

(2) By die bepaling vir die doeleindes van subartikel (1) of die inspeksie, beveiliging en kopiering van 'n rekord nodig is, moet die Provinciale Minister alle tersaaklike faktore in ag neem, met inbegrip van, indien van toepassing—

- (a) die identiteit van die fluitjieblaser;
- (b) die erns van die beweerde oortreding;
- (c) of die oortreding na bewering voortduur of waarskynlik in die toekoms sal plaasvind;
- (d) die persone teen wie die bewerings gemaak word; en
- (e) die openbare belang.

(3) Indien die Provinciale Minister 'n ministeriële steunbeampte ingevolge subartikel (1) aanwys, moet die Provinciale Minister die bestek en die ander opdragte vir die aanwysing skriftelik bepaal.

(4) Behoudens subartikel (5) en artikel 7A, het die betrokke ministeriële steunbeampte, op enige redelike tyd—

- (a) volle en onbeperkte toegang tot enige rekord van die munisipaliteit; en
- (b) die reg om enige personeellid of politieke ampsbekleer van die munisipaliteit te ondervra,

indien hy of sy redelikerwys vermoed dat die betrokke rekord, personeel-lid of politieke ampsbekleer inligting kan verskaf of toegang daartoe het wat op die aangeleentheid beoog in subartikel (1) betrekking het.

(5) Behoudens artikel 7A, kan die ministeriële steunbeampte—

- (a) enige eiendom of perseel van of onder die beheer van die munisipaliteit betree waar hy of sy redelikerwys vermoed 'n rekord gehou word wat op 'n aangeleentheid beoog in subartikel (1) betrekking het;
- (b) op die wyse uiteengesit in artikel 7(4)(d), enige persoon wat hy of sy redelikerwys vermoed 'n rekord in sy of haar besit of onder sy of haar beheer mag hê en wat op 'n aangeleentheid beoog in subartikel (1) betrekking het, beveel om enige sodanige rekord op 'n vermelde plek en tyd en in 'n vermelde vorm te verskaf of af te lewer;
- (c) enige sodanige rekord inspekteer en enige persoon wat dalk kennis dra van 'n aangeleentheid beoog in subartikel (1) oor enige sodanige rekord, ondervra; of
- (d) enige sodanige rekord op die onkoste van die munisipaliteit kopieer of duplike daaruit maak of sodanige rekord verwyder, met inbegrip van enige elektroniese toestel, om afdrukke of duplike te maak, met dien verstande dat die rekord of elektroniese toestel sonder onredelike vertraging daarna aan die munisipaliteit terug-besorg word.

5

10

15

20

25

30

35

40

45

Voorlopige evaluering

4B. (1) Die Provinciale Minister kan, by ontvangs van bewerings dat 'n munisipaliteit in die Provinse 'n statutêre verpligting wat op daardie munisipaliteit bindend is, nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie, of dat wanadministrasie, bedrog, korruksie of enige ander ernstige wanpraktik in 'n munisipaliteit in die Provinse plaasgevind het of plaasvind, wat na sy of haar mening nie beuselagtig, kwelsugtig, spekulatief of ooglopend ongegrond is nie, die munisipale raad van die munisipaliteit beveel om 'n voorlopige evaluering van die bewerings uit te voer.

(2) Indien die Provinciale Minister die munisipale raad beveel om 'n voorlopige evaluering kragtens subartikel (1) uit te voer, kan die Provinciale Minister versoek dat 'n voorlopige evaluatingsverslag namens die munisipaliteit voor of op 'n vermelde datum aan hom of haar verskaf word wat die bevindinge en, indien van toepassing, stappe uiteensit wat deur die betrokke munisipaliteit gedoen is of gedoen sal word om die aangeleentheid beoog in paragraaf (1) te behandel.

Duplicisering van evaluatings en ondersoek

4C. Indien die Provinciale Minister van mening is dat dit meer gepas is dat 'n bewering deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 'n instelling beoog in Hoofstuk 9 van die Grondwet, die Spesiale Ondersoekenheid of 'n ander staatsorgaan ondersoek word, kan hy of sy—

- (a) die bewering na die betrokke liggaam verwys; of
- (b) die uitkoms van sodanige ondersoek afwag voor hy of sy ingevolge artikel 106 van die Wet op Munisipale Stelsels of hierdie Wet optree.”.

Wysiging van artikel 5 van Wet 4 van 2014

8. Artikel 5 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

50

“Evaluering voor beroep op artikel 106(1) van Wet op Munisipale Stelsels

5. Die Provinciale Minister moet, voordat hy of sy kragtens artikel 106(1) van die Wet op Munisipale Stelsels optree[—],

- [a] die betrokke munisipaliteit skriftelik verwittig van tersaaklike inligting wat die Provinciale Minister ontvang het en die munisipaliteit uitnooi om die Provinciale Minister teen 'n datum bepaal deur die Provinciale Minister van skriftelike kommentaar te voorsien; en 5
- (b)] alle tersaaklike inligting tot die Provinciale Minister se beskikking objektief evalueer, [met inagneming van onder meer] wat kan insluit—
- (i) die wyse waarop die inligting ontvang is;
 - (ii) [die] indien van toepassing, enige kommentaar [, indien 10 enige,] ontvang van die munisipaliteit;
 - (iii) of die inligting aandui dat die munisipaliteit 'n statutêre verpligting wat bindend is op die munisipaliteit, nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie en, indien dit so is, of dit weens onvermoë is al dan nie;
 - (iv) of die inligting aandui dat wanadministrasie, bedrog, korruksie of enige ander ernstige wanpraktyk plaasgevind het of plaasvind in die munisipaliteit;
 - (v) die gebiede van verrigting van die munisipaliteit wat geraak kan word indien daar nie ooreenkomstig artikel 106(1) van 20 die Wet op Munisipale Stelsels opgetree word nie;
 - (vi) of die munisipaliteit voorheen bystand van die Provinciale Minister of die hoof van enige provinsiale departement versoek het om met die betrokke aangeleentheid of 'n verwante aangeleentheid te handel;
 - (vii) of die Provinciale Minister, die Departement of 'n ander provinsiale departement voorheen bystand aan die munisipaliteit verleen het; [en] 25
 - (viii) indien van toepassing, die mate waarin die munisipaliteit tersaaklike praktyknotas implementeer en aan die noodsaklike nasionale standaarde en minimum standaarde ingestel ingevolge artikel 108(1) van die Wet op Munisipale Stelsels voldoen[.]; en 30
 - (ix) enige voorskrifte waaraan die municipale raad versuim het om te voldoen.”. 35

Wysiging van artikel 6 van Wet 4 van 2014

9. Artikel 6 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“(1) Indien die Provinciale Minister rede het om te glo, gegrond op die evaluering beoog in artikel 5(b), dat 'n munisipaliteit 'n statutêre verpligting nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie, of dat wanadministrasie, bedrog, korruksie of enige ander ernstige wanpraktyk plaasgevind het of plaasvind in die munisipaliteit, moet die Provinciale Minister [die munisipaliteit skriftelik verwittig van sy of haar mening en die redes vir daardie mening en], ooreenkomstig artikel 106(1) van die Wet op Munisipale Stelsels—”;

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2)(a) Indien die Provinciale Minister, ná oorweging van [enige] die inligting, indien enige, ontvang as antwoord op 'n kennisgwing bedoel in subartikel (1)(a), tevrede is dat die munisipaliteit as gevolg van onvermoë nie 'n statutêre verpligting kan uitvoer nie, [moet] kan die Provinciale Minister gesikte stappe bepaal, in samewerking met die munisipaliteit, om die vermoë van die munisipaliteit te ontwikkel en toe te sien dat die munisipaliteit toepaslike praktyknotas en ander bestepranktyk-standaarde implementeer. 50

(b) Die Provinciale Minister word nie [by] deur te handel kragtens subartikel (1)(a) of paragraaf (a) van hierdie subartikel verhoed om, indien dit nodig geag word, 'n persoon of persone aan te wys om die aangeleentheid te ondersoek soos beoog in artikel 7 nie.”;

(c) deur subartikel (3) te skrap; en 60

(d) deur ná subartikel (3) die volgende subartikel by te voeg:

“(4) Indien die Proviniale Minister rede het om te glo, gegrond op die evaluering beoog in artikel 5, dat ’n munisipaliteit ’n statutêre verpligting nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie of dat wanadministrasie, bedrog, korruksie of enige ander ernstige wanpraktyk plaasgevind het of plaasvind in die munisipaliteit, maar dit nie nodig ag om ’n persoon of persone aan te wys om die aangeleentheid te ondersoek nie, kan hy of sy die munisipaliteit beveel om ’n verslag op te stel wat die stappe uiteensit wat deur die munisipaliteit gedoen is of gedoen sal word om die aangeleentheid te behandel.”.

5

10

Wysiging van artikel 7 van Wet 4 van 2014

10. Artikel 7 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“Die Proviniale Minister moet die aard en erns van die aangeleentheid en die beskikbaarheid van die vereiste kundigheid oorweeg ten einde te bepaal welke van die ondersoek-opsies bedoel in subartikel (1) uitgeoefen moet word.”;

15

(b) deur subartikel (3) te skrap;

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4)(a) Indien die Proviniale Minister ’n ondersoeker ingevolge subartikel (1)(a) aanwys, moet die Proviniale Minister die bestek van die aangeleentheid wat ondersoek moet word, en die ander opdragte van die ondersoeker skriftelik bepaal.

20

(b) Die ondersoeker kan—

(i) die formaat en prosedure wat gevolg moet word by die uitvoering van die ondersoek, bepaal met behoorlike inagneming van die omstandighede van die aangeleentheid;

25

(ii) bepaal wie teenwoordig kan wees en wie nie teenwoordig kan wees nie by enige verrigtinge wat betrekking het op die ondersoek, met inagneming van die aard van die ondersoek;

30

(iii) enige persoon wat die ondersoeker redelikerwys vermoed inligting kan hê wat betrekking het op die ondersoek, beveel om enige rekord in die besit van daardie persoon of onder sy of haar beheer wat betrekking het op die aangeleentheid wat ondersoek word, op ’n vermelde plek en tyd en in ’n vermelde vorm te verskaf of af te lewer;

35

(iv) enige sodanige rekord inspekteer en enige persoon wat kennis mag dra van ’n aangeleentheid wat betrekking het op die ondersoek, oor enige sodanige rekord ondervra;

40

(v) enige sodanige rekord kopieer of dupliseer, op die onkoste van die munisipaliteit, of sodanige rekord verwyder, met inbegrip van enige elektroniese toestel, om afdrukke of duplike te maak, met dien verstaande dat die rekord of elektroniese toestel sonder onredelike vertraging daarna aan die munisipaliteit terugbesorg word;

45

(vi) enige persoon wat die ondersoeker redelickerwys vermoed inligting mag hê wat betrekking het op die ondersoek, beveel om, hetsy mondelings of skriftelik, enige inligting wat tersaaklik tot die ondersoek mag wees, te openbaar en enige persoon oor sodanige inligting ondervra.

50

(c) Behoudens artikel 7A(4), kan die ondersoeker, vir die doeleindes van paragrawe (b) en (g), enige eiendom of perseel van of onder die beheer van die munisipaliteit waar hy of sy redelickerwys vermoed ’n rekord gehou word wat betrekking op die ondersoek mag hê, betree.

55

(d) ’n Bevel deur ’n ondersoeker beoog in subparagraphe (iii) en (vi) van paragraaf (b) moet by wyse van ’n dagvaarding—

(i) deur die ondersoeker onderteken word; en

(ii) op die betrokke persoon beteken word deur—

(aa) aflewering aan die betrokke persoon deur die ondersoeker of persoon wat gemagtig is om die aflewering namens die ondersoeker te doen;

60

<p>(bb) dit per geregistreerde pos na daardie persoon se sake-, werks- of woonadres te stuur; of</p> <p>(cc) middel van 'n databoodskap beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet 25 van 2002), deur 'n afskrif van die kennisgewing aan die persoon te stuur, indien die persoon 'n e-posadres of ander elektroniese adres het.</p> <p>(e) 'n Ondersoeker wat 'n kommissaris van ede is, kan vir die doeleindeste van subparagraph (iv) van paragraaf (b) 'n persoon versoek om 'n mondeline of skriftelike verklaring onder eed of bevestiging af te lê.</p> <p>(f) Die munisipaliteit en enige persoon bedoel in subparagraphe (iii), (iv) en (vi) van paragraaf (b) moet met die ondersoeker saamwerk en alle redelike bystand verleen wat die ondersoeker vir die doeleindeste van die ondersoek versoek.</p> <p>(g) Vir die doeleindeste van hierdie subartikel en behoudens artikel 7A, het die ondersoeker, te alle redelike tye, volle en onbeperkte toegang tot—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) enige rekord van die munisipaliteit; en (ii) enige personeellid of politieke ampsbekleer van die munisipaliteit, <p>indien hy of sy redelickerwys vermoed dat die betrokke rekord, personeellid of politieke ampsbekleer toegang tot inligting kan verskaf of toegang tot inligting het wat op die ondersoek betrekking het.</p> <p>(h) Indien dit gedurende die verloop van die ondersoek vir die ondersoeker blyk dat enige persoon by die aangeleentheid wat ondersoek word, betrokke is en dat so 'n betrokkenheid vir daardie persoon nadelig kan wees of dat 'n ongunstige aanbeveling met betrekking tot daardie persoon tot gevolg kan wees, moet die ondersoeker daardie persoon 'n geleentheid gee om sy of haar saak te stel op enige wyse wat onder die omstandighede dienstig mag wees.</p> <p>(i) Geen persoon mag sonder die toestemming van die ondersoeker die inhoud van enige dokument wat betrekking het op 'n ondersoek, en wat aan die ondersoeker voorgelê is of in die ondersoeker se besit is, of die rekord van enige verrigtinge van die ondersoek aan 'n ongemagtigde persoon openbaar nie.</p> <p>(j) Die ondersoeker moet, skriftelik en binne die tydperk bepaal deur die Provinciale Minister, die Provinciale Minister voorsien van—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) 'n verslag oor die bevindinge van die ondersoek, met inbegrip van die redes vir daardie bevindinge; en (ii) die ondersoeker se aanbevelings in verband met die aangeleentheid. <p>(k) Die Provinciale Minister moet 'n afskrif van die verslag en aanbevelings van die ondersoeker aan die betrokke munisipaliteit verskaf.</p> <p>(l) Die Provinciale Minister kan, uit sy of haar eie beweging, 'n afskrif van die verslag en aanbevelings van die ondersoeker aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 'n instelling beoog in Hoofstuk 9 van die Grondwet, die Spesiale Ondersoekeenheid, 'n ander staatsorgaan of aan die raadslede van die betrokke munisipaliteit verskaf.</p> <p>(m) Indien die ondersoeker se verslag aandui dat die munisipaliteit 'n statutêre verpligting nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie of dat wanadministrasie, bedrog, korruksie of enige ander ernstige wanpraktyk in die munisipaliteit plaasgevind het of plaasvind, moet die Provinciale Minister—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) die speaker van die munisipale raad of die rekenpligtige beampete van die munisipaliteit of beide die speaker en die rekenpligtige beampete, na gelang van die geval, beveel om 'n verslag op te stel, teen 'n datum deur die Provinciale Minister bepaal, wat die stappe uiteensit wat deur die munisipaliteit gedoen is of gedoen sal word ten einde gevolg te gee aan die bevindinge en aanbevelings van die ondersoeker se verslag; (ii) die erns van die situasie en die munisipaliteit se antwoord op die situasie evaluateer; 	<p>5</p> <p>10</p> <p>15</p> <p>20</p> <p>25</p> <p>30</p> <p>35</p> <p>40</p> <p>45</p> <p>50</p> <p>55</p> <p>60</p>
--	--

- (iii) bepaal of die situasie 'n ingryping ingevolge artikel 139 van die Grondwet regverdig of vereis;
- (iv) bepaal of die situasie vereis dat stappe gedoen word om die munisipaliteit te monitor en te ondersteun of om die ontwikkeling van die munisipaliteit se vermoë te bevorder om hom in staat te stel om sy funksies te verrig, na gelang van die geval; en
- (v) indien tevrede dat die munisipaliteit as gevolg van onvermoë nie 'n statutêre verpligting kan uitvoer nie, geskikte stappe bepaal, ná oorlegpleging met die munisipaliteit, ten einde die vermoë van die munisipaliteit te ontwikkel en toe te sien dat die munisipaliteit toepaslike praktyknotas en ander bestepraktyk-standaarde implementeer.”.

5

10

Invoeging van artikel 7A

11. Die volgende artikel word ná artikel 7 van die Hoofwet ingevoeg:

“Uitoefening van funksies kragtens artikels 4A en 7

15

7A. (1) Die ministeriële steunbeampte of ondersoeker kan 'n personeellid, raadslid of politieke ampsbekleer van 'n munisipaliteit versoek om te voldoen aan 'n bevel van of vrae te beantwoord wat aan hom of haar gestel word deur sodanige ministeriële steunbeampte of sodanige ondersoeker soos beoog in artikel 4A of artikel 7(4), nitemstaande—

20

(a) 'n vertroulikheidsplig opgelê aan daardie persoon deur wetgewing wat die gedrag van 'n personeellid, raadslid of politieke ampsbekleer van die munisipaliteit reguleer of 'n ooreenkoms wat daar mee verband hou; of

25

(b) enige bepaling in wetgewing of ander instrument wat die bestuur of beheer van argiewe of rekords van 'n munisipaliteit reguleer.

30

(2) Indien, gedurende die uitoefening van die ministeriële steunbeampte se funksies beoog in artikel 4A, of die ondersoeker se funksies soos beoog in artikel 7, 'n persoon beweer dat 'n rekord wat hy of sy beveel is om te openbaar,regsvertroulik is en om daardie rede weier om die betrokke rekord te openbaar, en die ministeriële steunbeampte of ondersoeker, na gelang van die geval, van mening is dat die rekord betrekking het op inligting beoog in artikel 4A(1) of op 'n ondersoek beoog in artikel 7, moet die hoofregister van die hooggereghof of die klerk van die betrokke landdroshof met jurisdiksie of sy of haar afgevaardigde 'n afskrif of duplikaat van die tersaaklike rekord in veilige bewaring hou totdat 'n gereghof 'n uitspraak gelewer het oor die vraag of die betrokke inligting regsvertroulik is al dan nie, of totdat die ondersoek afgehandel of beëindig is.

35

(3) Vir die doeleindes van subartikel (2) kan die balju van die hoër hof of laer hof met jurisdiksie oor die gebied waarin die rekord gehou word of 'n regspraktisy wat ingevolge artikel 30(3) van die Wet op Regspraktyk, 2014 (Wet 28 van 2014), op die Rol van Regspraktisy verskyn, 'n afskrif of duplikaat afhaal van die rekord ten opsigte waarvan privilegie geëis word, en vir veilige bewaring by die hoofregister of die klerk van die tersaaklike landdroshof soos beoog in subartikel (2) aflewer.

40

(4) 'n Ministeriële steunbeampte of ondersoeker moet, by die uitoefening van sy of haar bevoegdhede om die eiendom of perseel van 'n munisipaliteit te betree kragtens artikel 4A(4) en (5) of 7(4)(b) en (c)—

45

(a) die ure van betreding tot gewone sake-ure beperk, tensy die ministeriële steunbeampte of ondersoeker redelikerwys betreding op enige ander tyd nodig ag op grond van dringendheid;

50

(b) te alle tye ordentlikheid en orde handhaaf;

55

(c) homself of haarself aan die personeellid of politieke ampsbekleer met die hoogste rang teenwoordig op die eiendom of perseel identifiseer;

(d) op versoek van die personeellid of politieke ampsbekleer met die hoogste rang teenwoordig op die eiendom of perseel—

<ul style="list-style-type: none"> (i) bewyse van sy of haar aanwysing as die ministeriële steunbeampte of ondersoeker bekend maak; (ii) die doel, bestek en die rede vir betreding verduidelik; (iii) hom of haar toelaat om te alle tye teenwoordig te wees; (iv) onder die omstandighede beoog in subartikel (6), 'n afskrif verskaf van die lasbrief wat kragtens subartikel (7) aan daardie persoon uitgereik is; (v) 'n inventaris verskaf van die items wat verwyder is om afdrukke van te maak. <p>(5) Wanneer 'n ministeriële steunbeampte, 'n provinsiale steunbeampte, 'n plaaslikeregering-steunbeampte of 'n ondersoeker sy of haar bevoegdhede kragtens hierdie Wet uitoefen, moet hy of sy behoorlik kennis neem van die persoonlike inligting vervat in sy of haar verslag en, waar van toepassing, dit reduseer sonder om die doeltreffendheid van die verslag aan te tas.</p> <p>(6) 'n Ondersoeker of ministeriële steunbeampte mag slegs die eiendom of perseel onder beheer van 'n munisipaliteit betree vir die doeleindes van die uitoefening van die bevoegdhede beoog in artikel 4A(5) of 7(4)(b) uit hoofde van 'n lasbrief wat in kamers uitgereik is deur 'n regter van die hooggereghof met jurisdiksie.</p> <p>(7) 'n Lasbrief beoog in subartikel (6) kan slegs uitgereik word indien dit aan die regter blyk vanuit inligting onder eed of bevestiging wat die behoeftte verklaar om die betrokke eiendom of perseel te betree vir die doeleindes van—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) die verrigting van die funksies soos uiteengesit in artikel 4A(1), dat daar 'n behoeftte is vir 'n lasbrief om uitgereik te word en dat daar redelike gronde is vir die oortuiging dat die rekords op die betrokke eiendom of perseel gevind kan word; (b) 'n ondersoek kragtens artikel 7, dat daar redelike gronde is vir die oortuiging dat— <ul style="list-style-type: none"> (i) rekords met betrekking tot die ondersoek of persone met inligting binne die bestek van die ondersoek op die betrokke eiendom of perseel gevind kan word; en (ii) sodanige betreding nodig is vir die doeleindes van die ondersoek. <p>(8) Nieteenstaande subartikel (6) kan die bevoegdhede uitgeoefen word om eiendom of perseel beoog in daardie subartikel sonder 'n lasbrief te betree—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) met die toestemming van die persoon beoog in paragraaf (d) van subartikel (4); of (b) indien daar redelike gronde is om te glo dat indien daar om 'n lasbrief aansoek gedoen sou word, dit uitgereik sou word, maar die vertraging wat deur 'n aansoek om 'n lasbrief veroorsaak kan word, die doel van die verkryging van die lasbrief sou verslaan. <p>(9) 'n Lasbrief uitgereik kragtens subartikel (6)—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) kan op enige dag uitgereik word en bly van krag— <ul style="list-style-type: none"> (i) totdat dit uitgevoer is; (ii) totdat dit gekanselleer word deur die persoon wat dit uitgereik het of, indien sodanige persoon nie beskikbaar is nie, deur enige persoon met soortgelyke gesag; (iii) tot die verstryking van drie maande vanaf die datum van uitreiking; (b) moet onderteken word deur die regter wat dit uitreik; (c) moet die eiendom of perseel wat betree mag word, identifiseer; (d) moet die ministeriële steunbeampte of die ondersoeker, na gelang van die geval, magtig om enigets beoog in artikel 4A(5) of 7(4)(b) of (c) te doen; (e) mag slegs uitgevoer word op die wyse beoog in subartikel (4); (f) mag met die hulp van 'n vredesbeampte of vredesbeamptes uitgevoer word; (g) mag uitgevoer word met die gebruik van sodanige geweld as wat redelickerwys nodig mag wees om enige weerstand teen betreding van eiendom of perseel of inspeksie, kopiëring of duplisering van 	<p style="margin-bottom: 5px;">5</p> <p style="margin-bottom: 5px;">10</p> <p style="margin-bottom: 5px;">15</p> <p style="margin-bottom: 5px;">20</p> <p style="margin-bottom: 5px;">25</p> <p style="margin-bottom: 5px;">30</p> <p style="margin-bottom: 5px;">35</p> <p style="margin-bottom: 5px;">40</p> <p style="margin-bottom: 5px;">45</p> <p style="margin-bottom: 5px;">50</p> <p style="margin-bottom: 5px;">55</p> <p style="margin-bottom: 5px;">60</p>
--	--

rekords te oorkom indien die persoon wat die lasbrief uitvoer eers hoorbaar aangedring het op toegang tot die betrokke eiendom of perseel of ander nodige stappe om sodanige inspeksie, kopiëring of duplisering te faciliteer, tensy die ondersoeker of ministeriële steunbeampte op redelike gronde van mening is dat die betrokke rekord vernietig kan word of verlore kan gaan as gevolg van sodanige eis.

5

(10) Die persoon beoog in paragraaf (d) van subartikel (4) moet sodanige bystand verleen as wat die ministeriële steunbeampte, ondersoeker of vredesbeampte mag versoek.

10

(11) Niks in hierdie artikel mag geïnterpreteer word om die Provinsiale Minister te verhoed om by 'n hof met jurisdiksie aansoek om gepaste regshulp te doen ten einde gevolg te gee aan enige bepaling van hierdie Wet nie.".

10

Wysiging van artikel 9 van Wet 4 van 2014

15

12. Artikel 9 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

"Verslagdoening"

9. [(1)] Indien daar ingevolge artikel 6(1)(a) of (b) opgetree word, moet die Provinsiale Minister binne 14 dae—

(a) 'n skriftelike verklaring wat die optrede motiveer, aan die Nasionale Raad van Provinse voorlê; en

20

(b) 'n afskrif van daardie verklaring aan die nasionale minister verantwoordelik vir plaaslike regering [,] en die nasionale minister verantwoordelik vir finansies [en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering] aanstuur.

25

[(2) Die Provinsiale Minister moet so gou doenlik 'n afskrif van die ondersoeker se verslag bedoel in artikel 7(4)(f) aan die Nasionale Raad van Provinse, die nasionale minister verantwoordelik vir plaaslike regering, die nasionale minister verantwoordelik vir finansies en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering voorlê.]

30

Wysiging van artikel 10 van Wet 4 van 2014

13. Artikel 10 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

"Regulasies"

10. Die Provinsiale Minister kan regulasies maak ten opsigte van— [enige aanvullende of bykomstige aangeleenthed wat die Provinsiale Minister nodig of dienstig ag om voor te skryf vir die behoorlike implementering of administrasie van hierdie Wet maak]

35

(a) voldoende voorsorgmaatreëls vir die verwerking van persoonlike inligting kragtens hierdie Wet;

40

(b) prosesse om die implementering van hierdie Wet te faciliteer;

(c) enige ander aanvullende of bykomstige aangeleenthed wat die Provinsiale Minister nodig of dienstig ag om voor te skryf vir die behoorlike implementering of administrasie van hierdie Wet.”.

40

Wysiging van artikel 11 van Wet 4 van 2014

45

14. Artikel 11 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

"Misdrywe en strawwe"

11. 'n Persoon wat—

(a) versuum of weier om enige **[dokument]** rekord in sy of haar besit of onder sy of haar beheer te verskaf [wanneer die persoon] wat hy of sy ingevolge 'n bevel kragtens artikel 4A(5)(b) of artikel 7(4)(b)(iii),

50

- saamgelees met artikel 7(4)(d) **[deur die ondersoeker beveel word om dit te doen]** versoek word om te verskaf;
- (b) enige persoon verhinder om enige **[dokument]** rekord in daardie persoon se besit of onder daardie persoon se beheer te verskaf **[wanneer]** wat daardie persoon ingevolge **'n bevel kragtens artikel 4A(5)(b) of artikel 7(4)(b)(iii), saamgelees met artikel 7(4)(d), [deur die ondersoeker beveel word om te doen]** versoek word om te verskaf; 5
- (c) artikel **[7(4)(e)] 7(4)(i)** oortree; **[of]**
- (d) enige **[dokument]** rekord **[, of voorwerp,]** wat na sy of haar wete van hulp kan wees vir die ondersoeker, vernietig of versteek met die doel om die ondersoek van 'n aangeleentheid deur die ondersoeker te dwarsboom of verhinder[,];
- (e) enige rekord wat na die persoon se wete van hulp kan wees vir 'n ministeriële steunbeampte, vernietig of versteek met die doel om die inspeksie, beveiliging of kopiering van 'n rekord deur 'n ministeriële steunbeampte ingevolge artikel 4A te dwarsboom of verhinder; 15
- (f) versuim om te voldoen aan 'n voorskrif wat deur die Provinsiale Minister ingevolge artikel 7(4)(m)(i) uitgereik is; 20
- (g) op onregmatige wyse die ondersoeker of enige persoon wat 'n bevoegdheid uitoefen of 'n plig uitvoer ingevolge hierdie Wet, verhinder of by hom of haar inmeng; 25
- (h) vals of misleidende inligting verskaf wanneer daar op 'n versoek van 'n ministeriële steunbeampte of 'n ondersoeker gereageer word
- (i) nadat hy of sy beëdig is of 'n bevestiging gemaak het, vals getuenis voor 'n ondersoeker oor enige aangeleentheid lewer, wetende dat sodanige getuenis vals is of nie glo dat dit waar is nie; of
- (j) enige getuie verkry, oorreed, intimideer, korrumpeer of omkoop om getuenis te weerhou of om vals getuenis voor 'n ondersoeker te lewer, 30
- pleeg 'n misdryf en is by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete of gevangenisstraf van nie meer as **[12] 24** maande nie.”.

Kort titel en inwerkintreding

15. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wysigingswet op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite, 2024, en tree in werking op 'n datum bepaal deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*. 35

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP MONITERING EN ONDERSTEUNING VAN MUNISIPALITEITE

1. AGTERGROND

- 1.1 Die Wes-Kaapse Wet op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite, 2014 (Wet 4 van 2014) (die Hoofwet), is in 2014 bekragtig ten einde gevolg te gee aan artikels 154(1) en 155(6) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet), en artikel 106(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) (die Wet op Munisipale Stelsels). Die Hoofwet word tans gebruik saam met die Wet op Munisipale Stelsels, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) (die WMFB), en die grondwetlike bepalings wat provinsiale ingryping in munisipaliteit bestuur. Een van die deurslaggewende tekortkominge van hierdie raamwerke is dat daar nie voldoende voorsiening gemaak word nie vir proaktiewe maatreëls vir vroeë bespeuring en ingryping in gevalle van munisipale korupsie en bedrog, en gevalle waar 'n munisipaliteit in nood verval.
- 1.2 Die voordele van vroeë ingryping sluit in die vermoë om ernstige wangedrag en korupsie te voorkom deur gedragspatrone te identifiseer wat die voorkoms van wangedrag voorafgaan. Daar is bevind dat dit 'n positiewe uitwerking op werknekemers se welstand het en dit verminder die koste wat met kriminele ondersoeke en prestasiesanksies verband hou.
- 1.3 Navorsing toon dat wanneer ingrypingsmaatreëls ingestel word voor die munisipaliteit 'n toestand van totale ineenstorting bereik, die munisipaliteit meer geneig is om na 'n gesonde operasionele en finansiële grondslag ná die ingryping terug te keer. Met ander woorde, hoe slechter die toestand van die munisipaliteit (byvoorbeeld finansiële ineenstorting, volledige ineenstorting van bestuurstrukture, ineenstorting van infrastruktuur) voor ingryping, hoe minder waarskynlik is dit dat die munisipaliteit na 'n stabiele finansiële en operasionele toestand sal terugkeer.

2. OOGMERKE VAN WETSONTWERP

Die oogmerke van die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteit, 2024 (die Wysigingswetsontwerp), is dus om—

- (a) voorsiening te maak vir die proaktiewe monitering van munisipaliteit om bedrog, korupsie, wanadministrasie en ander ernstige wanpraktekte vroegtydig te bespeur;
- (b) die vermoë van die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering (die Departement) te versterk om munisipaliteit te ondersteun;
- (c) die vermoë van die Departement te versterk om toegang te verkry tot die inligting wat nodig is om ondersoeke en evaluerings doeltreffend uit te voer;
- (d) die monitering en ondersteuning van munisipaliteit te versterk deur voorsiening te maak vir munisipale rade om voorlopige evaluerings te doen waar daar bewerings is wat nie beuselagtig, kwelsugtig, spekulatief of ooglopend ongegrond is nie, dat 'n munisipaliteit 'n uitvoerende verpligting ingevolge die Grondwet of 'n statutêre verpligting wat op die munisipaliteit bindend is, nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie of dat wanadministrasie, bedrog, korupsie of ander ernstige wanpraktekte in die munisipaliteit plaasvind; en
- (e) rompslomp te verminder en tegniese bepalings in die Hoofwet te verfyn.

3. INHOUD VAN WETSONTWERP

- 3.1 **Klusule 1** maak voorsiening vir die invoeging van omskrywings vir "kommissaris van ede", "ministeriële steunbeampte", "personeellid", "persoonlike inligting", "plaaslikeregering-steunbeampte", "politieke ampsbe-

kleér”, “provinsiale steunbeampte”, “rekord” en “Spesiale Ondersoekeneheid”.

- 3.2 **Klousule 2** wysig artikel 2 van die Hoofwet deur ’n bepaling by te voeg wat die Provinciale Minister deur kennisgewing in die *Provinciale Koerant* bemagtig om enige munisipaliteit, of enige kategorie of soort munisipaliteit vermeld in die kennisgewing, te versoek om aan ’n vermelde provinsiale staatsorgaan die inligting voor te lê wat in die kennisgewing vereis word, hetsy met gerealde tussenposes of binne ’n vermelde tydperk, en ’n bepaling wat die wyse uiteensit waarop hierdie bevoegdheid uitgeoefen moet word.
- 3.3 **Klousule 3** voeg die voorgestelde artikels 2A en 2B in, wat voorsiening maak vir—
- 3.3.1 ’n munisipaliteit, op versoek van die provinsiale uitvoerende gesag, Provinciale Minister verantwoordelik vir plaaslike regering (die Provinciale Minister), ministeriële steunbeampte, provinsiale steunbeampte of amptenare van die Departement, om hierdie persone toegang te gee tot sodanige rekords soos dit nodig mag wees vir die monitering, evaluering of ondersoek van ’n munisipaliteit;
 - 3.3.2 die aanwysing van plaaslikeregering-steunbeamptes om ondersteuning aan ’n munisipaliteit te verleen soos beoog in artikel 154(1) of 155(6) van die Grondwet.
- 3.4 **Klousule 4** wysig artikel 3 van die Hoofwet deur—
- 3.4.1 te bepaal dat ’n municipale raad, speaker, burgemeester of municipale bestuurder die spesifieke funksionaris is wat die Provinciale Minister of die hoof van enige provinsiale departement kan versoek om die munisipaliteit met die verrigting van hul onderskeie funksies by te staan of om aandag te skenk aan ’n spesifieke aangeleentheid wat verband hou met hul onderskeie funksies;
 - 3.4.2 tegniese verfynings van die bepaling aan te bring wat voorsiening maak vir samewerking tussen ’n munisipaliteit wat bystand versoek, en die Departement.
- 3.5 **Klousule 5** voeg die voorgestelde artikel 3A in wat voorsiening maak vir—
- 3.5.1 die Provinciale Minister om ’n provinsiale steunbeampte aan te wys om voldoening deur ’n munisipaliteit aan toepaslike statutêre verpligte te bepaal, om implementering deur ’n munisipaliteit van toepaslike beleide, standaardwerksprosedures en praktyknotas te evalueer, om risiko’s te identifiseer en verbeterings aan prosedures en prosesse voor te stel en om proaktief bystand te verleen met die bespeuring van bedrog, korruksie, wanadministrasie of wanpraktyke in ’n munisipaliteit;
 - 3.5.2 die Provinciale Minister om die bestek en ander opdragte van die monitering en ondersteuning te bepaal wat verleen moet word indien ’n provinsiale steunbeampte aangewys word;
 - 3.5.3 die provinsiale steunbeampte om die Provinciale Minister te voorsien van ’n verslag oor die bevindinge van die monitering en ondersteuning, met redes, en sy of haar aanbevelings;
 - 3.5.4 die Provinciale Minister om ’n afskrif van die verslag aan die betrokke munisipaliteit te verskaf.
- 3.6 **Klousule 6** wysig artikel 4 van die Hoofwet deur te verduidelik dat die praktyknotas wat ingevalle daardie artikel uitgereik is, die status van niebindende riglyne het.

3.7 **Klousule 7** voeg die voorgestelde artikels 4A, 4B en 4C in die Hoofwet in wat voorsiening maak—

- 3.7.1 vir die Provinciale Minister om, by ontvangs van inligting van 'n vermoedelike versuim deur 'n munisipaliteit om 'n statutêre verpligting uit te voer, of van wanadministrasie, bedrog, korruksie of ander ernstige wanpraktyke, indien hy of sy rede het om te glo dat 'n rekord in verband met die inligting wat ontvang is, versteek of vernietig sal word indien dit nie as 'n saak van prioriteit beveilig word nie, 'n ministeriële steunbeampte aan te wys om sonder voorafkennisgewing aan die munisipaliteit na die munisipaliteit te reis en 'n rekord in verband met die inligting wat ontvang is, te inspekteer, te beveilig en te kopieer op die wyse soos bepaal in die voorgestelde artikel 4A, saamgelees met die voorgestelde artikel 7A, soos by klousule 11 ingevoeg;
- 3.7.2 vir die Provinciale Minister om, by ontvangs van gegronde bewerings dat 'n munisipaliteit 'n uitvoerende verpligting ingevolge die Grondwet of 'n statutêre verpligting bindend op die munisipaliteit nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie of van wanadministrasie, bedrog, korruksie of ander ernstige wanpraktyke, die munisipale raad van die munisipaliteit te beveel om 'n voorlopige evaluering van die bewerings te doen, en verder dat die Provinciale Minister ook die munisipale raad kan versoek om aan hom of haar 'n voorlopige evalueringsverslag te verskaf wat die bevindinge en die stappe uiteensit wat gedoen is of gedoen sal word om die aangeleentheid te behandel;
- 3.7.3 vir die voorkoming van die duplisering van evaluerings en ondersoeke deur uitdruklik voorsiening te maak vir die Provinciale Minister om 'n bewering te verwys na die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 'n instelling beoog in Hoofstuk 9 van die Grondwet, die Spesiale Ondersoekenheid of 'n ander staatsorgaan indien hy of sy dit meer gepas ag vir sodanige liggaam om die aangeleentheid te ondersoek en om die uitslag van sodanige ondersoek af te wag voordat hy of sy ingevolge artikel 106 van die Wet op Munisipale Stelsels of die Hoofwet optree.

3.8 **Klousule 8** vervang artikel 5 van die Hoofwet deur tegniese wysigings van die vereiste procedures aan te bring voor die beroep op artikel 106(1) van die Wet op Munisipale Stelsels.

3.9 **Klousule 9** wysig artikel 6 van die Hoofwet deur—

- 3.9.1 tegniese wysigings aan te bring aan die vereiste procedures by die beroep op artikel 106(1) van die Wet op Munisipale Stelsels;
- 3.9.2 voorsiening te maak dat, indien die Provinciale Minister tevreden is dat 'n munisipaliteit as gevolg van onvermoë nie 'n statutêre verpligting kan uitvoer nie, die Provinciale Minister geskikte stappe kan bepaal, in samewerking met die munisipaliteit, om die vermoë van die munisipaliteit te ontwikkel en om toe te sien dat die munisipaliteit toepaslike praktyknotas en ander bestepraktyk-standaarde implementeer;
- 3.9.3 te verduidelik dat, indien die Provinciale Minister kragtens subartikel (1)(a) van artikel 6 of paragraaf (a) van subartikel (2) optree, hy of sy nie verhinder word nie om 'n persoon of persone aan te wys om die aangeleentheid te ondersoek soos beoog in artikel 7;

- 3.9.4 die byvoeging van 'n bepaling dat, indien die Provinciale Minister rede het om te glo, gegrond op die evaluering beoog in artikel 5, 'n munisipaliteit 'n statutêre verpligting nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie of dat wanadministrasie, bedrog, korruksie of enige ander ernstige wanpraktyke in die munisipaliteit plaasgevind het of plaasvind, maar dit nie nodig ag om 'n persoon of persone aan te wys om die aangeleentheid te ondersoek nie, hy of sy die munisipaliteit kan beveel om 'n verslag op te stel wat die stappe uiteensit wat deur die munisipaliteit gedoen is of gedoen sal word om die aangeleentheid te behandel.

3.10 Klousule 10 wysig artikel 7 van die Hoofwet deur—

- 3.10.1 voorsiening te maak vir bykomende bevoegdhede wat 'n ondersoeker kan uitoefen vir die doeleindeste van 'n ondersoek beoog in artikel 6(1)(b) van die Wet, met inbegrip van die reg om 'n perseel of eiendom van 'n munisipaliteit te betree waar hy of sy redelikerwys vermoed 'n rekord gehou word wat betrekking op die ondersoek mag hê, om enige sodanige rekord te kopieer of duplike te maak of enige sodanige rekord (met inbegrip van 'n elektroniese toestel) te verwijder, met dien verstande dat die rekord (of elektroniese toestel) sonder onredelike vertraging aan die munisipaliteit terugbesorg word, vir die doel om enige aangeleentheid te bepaal wat verband hou met die onderwerp van die ondersoek, om 'n persoon te versoek om 'n mondelinge of skriftelike verklaring onder eed of bevestiging af te lê of om enige persoon te dagvaar om enige rekord of voorwerp wat tersaaklik is tot die ondersoek, voor te lê op die tyd en plek in die dagvaarding vermeld;
- 3.10.2 voorsiening te maak dat die ondersoeker volle en onbeperkte toegang het tot enige rekord van die munisipaliteit of personeellid of ampsbekleer van die munisipaliteit op die wyse soos uiteengesit in daardie bepaling en die bepaling wat voorgestel word om deur klousule 11 van die Wysigingswetsontwerp ingevoeg te word, indien die ondersoeker redelickerwys vermoed dat die betrokke rekord, personeellid of politieke ampsbekleer toegang kan gee tot inligting of inligting kan verskaf wat op die ondersoek betrekking het;
- 3.10.3 voorsiening te maak vir die Provinciale Minister om die verslag en aanbevelings van die ondersoeker te deel met die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 'n instelling beoog in Hoofstuk 9 van die Grondwet, die Spesiale Ondersoekeenheid, 'n ander staatsorgaan of met die raadslede van die betrokke munisipaliteit;
- 3.10.4 die byvoeging van 'n bepaling wat voorsiening maak dat, in die geval dat die ondersoeker se verslag aandui dat die munisipaliteit 'n statutêre verpligting nie kan uitvoer nie of nie uitvoer nie of dat wanadministrasie, bedrog, korruksie of enige ander ernstige wanpraktyke in die munisipaliteit plaasgevind het of plaasvind, die Provinciale Minister die munisipaliteit kan beveel om 'n verslag op 'n vasgestelde datum op te stel wat die stappe uiteensit wat deur die munisipaliteit gedoen is of gedoen sal word, ten einde gevolg te gee aan die bevindinge en aanbevelings van die ondersoeker se verslag.

3.11 Klousule 11 voeg die voorgestelde artikel 7A in wat voorsiening maak vir die wyse waarop die ministeriële steunbeampte en die ondersoeker hul funksies moet uitoefen—

- 3.11.1 deur voorsiening te maak dat die ministeriële steunbeampte of ondersoeker 'n personeellid, raadslid of politieke ampsbekleer van 'n munisipaliteit kan versoek om te voldoen aan 'n bevel of vrae te beantwoord wat aan hom of haar gestel word, nitemstaande 'n vertroulikheidsplig wat deur wetgewing aan daardie persoon opgêle word wat die gedrag van 'n personeellid, raadslid of politieke ampsbe-

kleër van die munisipaliteit reguleer, of 'n ooreenkoms wat verband hou met die gedrag van 'n personeellid, raadslid of politieke ampsbekleer van die munisipaliteit, of enige bepaling in wetgewing of ander toepaslike instrument wat die bestuur van rekords in 'n munisipaliteit reguleer;

3.11.2 deur die wyse aan te dui waarop die ministeriële steunbeampte en die ondersoeker die bevoegdheid moet uitoefen om die eiendom of perseel van 'n munisipaliteit te betree, met inbegrip van voorsiening dat sodanige bevoegdheid slegs uitgeoefen mag word uit hoofde van 'n lasbrief wat in kamers uitgereik is deur 'n regter van die hooggereghof met jurisdiksie, tensy die personeellid of politieke ampsbekleer met die hoogste rang op die eiendom teenwoordig tot sodanige betreding toestem of daar redelike gronde is om te glo dat 'n lasbrief, indien 'n aansoek ingedien word, uitgereik sal word, maar die vertraging wat deur 'n aansoek om 'n lasbrief veroorsaak kan word, die doel van die verkryging van die lasbrief sal verslaan.

3.12 **Klusule 12** wysig artikel 9 van die Hoofwet deur die skrapping van 'n ver slagdoeningsvereiste ná stappe gedaan kragtens artikel 6(1)(a) of (b) van die Wet.

3.13 **Klusule 13** vervang artikel 10 van die Hoofwet deur voorsiening te maak vir die Provinsiale Minister om regulasies te maak oor—

3.13.1 voldoende voorsorgmaatreëls vir die verwerking van persoonlike inligting;

3.13.2 prosesse om die implementering van die Wet te faciliteer.

Hierdie bepalings is bemagtigende bepalings wat die Provinsiale Minister magtig om regulasies oor sodanige aangeleenhede te maak om, indien die behoeftte ontstaan, verbeterings in die implementering van die Wet te faciliteer sodra dit bekragtig is. Hierdie aangeleenhede is administratief van aard en word as gepas beskou om in regulasies ingesluit te word.

Die voorgestelde bepaling wat in paragraaf 3.13.1 hier bo vermeld is, wat die Provinsiale Minister magtig om regulasies te maak oor "voldoende voorsorgmaatreëls vir die verwerking van persoonlike inligting" moet saamgelees word met die voorgestelde artikel 7A(5) deur klusule 11 ingevoeg, wat betrekking het op die wyse waarop persoonlike inligting deur die ministeriële steunbeampte, provinsiale steunbeampte, plaaslikeregering-steunbeampte of ondersoeker hanteer moet word. Daar word kennis geneem dat die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) (POPIA), moontlik van toepassing is op inligting wat deur die Provinsie verkry is ingevolge die Wysigingswetsontwerp, sodra dit bekragtig is. Die vrystelling van spesifieke bepalings in artikel 38 van POPIA is egter waarskynlik van toepassing. In hierdie verband is die Provinsie 'n openbare liggaaam (soos omskryf in artikel 1 van POPIA) en die funksies in die Wysigingswetsontwerp is ook funksies wat vertolk kan word om lede van die publiek te beskerm teen oneerlikheid, wanprakteke of ander ernstig onbetaamlike gedrag deur of die ongeskiktheid of onbevoegdheid van persone wat gemagtig is om enige beroep of ander aktiwiteit te beoefen. Gevolglik sal artikels 11(3) en (4), 12 en 15 nie van toepassing wees in die mate dat die toepassing van daardie bepalings waarskynlik die behoorlike vervulling van daardie funksie sal benadeel nie.*

* Artikel 38 van POPIA maak voorsiening vir die volgende:

"(1) Persoonlike inligting wat vir die oogmerk van die uitvoering van 'n tersaaklike werksaamheid geprosesseer word, is vrygestel van artikels 11 (3) en (4), 12, 15 en 18 in enige geval vir sover die toepassing van daardie bepalings op persoonlike inligting, die behoorlike uitvoering van daardie werksaamheid waarskynlik sal benadeel.

(2) "Tersaaklike werksaamheid", by die toepassing van subartikel (1), beteken enige werksaamheid—

Artikel 6(1)(c)(ii) van POPIA bepaal dat die verwerking van inligting van die toepassing daarvan uitgesluit word, insluitende ten opsigte van—

“... die prosessering van persoonlike inligting ...—

(c) **deur of namens 'n openbare liggaam**—

(ii) waarvan die oogmerk die voorkoming, **opsporing**, met inbegrip van hulpverlening in die identifisering van die opbrengste uit onwettige aktiwiteite en die bestryding van geldwassery-aktiwiteite, **die ondersoek of bewys van misdrywe**, die vervolging van oortreders of die uitvoering van vonisse of veiligheidsmaatreëls, is,

vir sodanige genoegsame voorsorgmaatreëls in wetgewing vir die beskerming van sodanige persoonlike inligting daargestel is;”.

Die funksies kragtens die Wysigingswetsontwerp val binne artikel 6(c)(iii) en in die lig daarvan is voorsiening gemaak in die Wysigingswetsontwerp wat die Provinsiale Minister magtig om regulasies te maak vir “voldoende voorsorgmaatreëls vir die verwerking van persoonlike inligting” as 'n opsie in die toekoms.

3.14 **Klusule 14** vervang artikel 11 van die Hoofwet deur voorsiening te maak vir bykomende misdrywe.

4. OORLEGPREGING

4.1 Die volgende rolspelers is geraadpleeg:

Hoofregister van die Wes-Kaapse Hooggereghof
Departement van die Premier: Regsdienste
Ander provinsiale departemente
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering (Salga)
Die Inligtingsreguleerdeur

4.2 Voorgestelde wysigings aan die Wet is voorgelê en bespreek tydens die vergadering van die Wetgewende en Grondwetlike Taakspan tussen die Departement, die Departement van die Premier (Regsdienste), ander provinsiale departemente, Salga en munisipaliteite (regsadviseurs, direkteure: Korporatiewe Dienste en munisipale bestuurders), gehou op 5 Maart 2021. Die Wysigingswetsontwerp is ook voorgelê en bespreek by die Salga Wes-Kaapse Werkgroep vir Bestuur en Interregeringsbetrekkinge wat op 10 Mei 2023 gehou is.

4.3 Die Wysigingswetsontwerp is vir kommentaar gepubliseer in *Provinsiale Koerant* 8723 van 24 Februarie 2023 met 'n sluitingsdatum van 6 April 2023. Die tydperk vir openbare kommentaar is daarna verleng by wyse van 'n verdere kennismaking in die *Provinsiale Koerant* met 'n nuwe sluitingsdatum vir openbare kommentaar van 28 April 2023 om verdere geleentheid aan die publiek te gee om kommentaar te lewer.

4.4 Die Wysigingswetsontwerp is verder deur middel van Omsendbrief C11 van 2023 aan alle munisipaliteite in die Provinsie en aan Salga gesirkuleer waarin gevra is om kommentaar op die Wysigingswetsontwerp te lewer.

(a) van 'n openbare liggaam; of

(b) regtens aan enige persoon opgedra,

wat verrig word met die oog op die beskerming van lede van die publiek teen—

- (i) finansiële verlies as gevolg van oneerlikheid, wanpraktyk of ander ernstige onbehoorlike gedrag deur, of die onbekwaamheid of onbevoegdheid van, persone wat betrokke is by voorsiening van bank-, versekerings-, beleggings- of ander finansiële dienste of in die bestuur is van korporatiewe verenigings; of
- (ii) oneerlikheid, wanpraktyk of ander ernstige onbehoorlike gedrag deur, of die onbekwaamheid of onbevoegdheid van, persone wat gemagtig is om enige professie of ander aktiwiteit te beoefen.”.

5. FINANSIELLE IMPLIKASIES

Die voorgestelde wysigings beoog nie die (i) instelling van bykomende strukture vir die Departement of (ii) verdere indiensneming van personeellede nie. Indien interne kapasiteit nie toelaat dat amptenare van die Proviniale Regering of personeel van 'n munisipaliteit in die Provinie deur die Proviniale Minister as 'n plaaslikeregering-steunbeampte, ministeriële steunbeampte of provinsiale steunbeampte aangewys word nie, sal eksterne persone aangestel moet word met die gepaardgaande koste-implikasies.

Die regstreekse koste vir die regering sal reiskoste insluit wat verbonde is aan die uitvoering van proaktiewe evaluerings deur personeel van munisipaliteite. Die koste kan nie in hierdie stadium bepaal word nie aangesien dit sal afhang van wanneer sodanige evaluering vereis word.

6. WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Die Proviniale Minister verantwoordelik vir plaaslike regering is tevrede dat al die bepalings in die Wysigingswetsontwerp binne die wetgewende bevoegdheid van die Provinie val.

INQAKU ELICACISAYO JIKELELE:

- [] Amagama angqindilili kwizibiyeli zesikwere abonakalisa ushiyo kuqaliso lowiso-mthetho olukhoyo.
-
- Amagama akrwelelwe ngomca ongqindilli abonakalisa ufakelo kuwiso lomthetho olukhoyo.
-

UMTHETHO OSAYILWAYO

Ukulungiswa koMthetho woBekoliso neNkxaso yooMasipala weNtshona Koloni, 2014 (uMthetho 4 ka-2014), ukuze kufakwe iinkcazeloz eithile; ukubonelela ukuba uMphathiswa wePhondo afune nawuphi na umasipala okanye udidi lomasipala ngesaziso kwiGazethi yePhondo ukuba angenise ulwazi kwiqumrhu likarhulumente elikhethekileyo lephondo; ukubonelela ngokufikelela kwiirekhodi zomasipala ngeshesa lokuvavanywa okanye lophando ngamagosa athile ephondo; ukunika imimiselo yokutunjwa kwabasebenzi benkxaso kumasipala; ukunika imimiselo yokutunjwa kwegosa lenkxaso lephondo; ukutshintsha imimiselo ebonelela ngentsebenziswano phakathi kukamasipala neSebe; ukunika iinkqubo zokubeka iliso kusengaphambili koomasipala; ukunika iinkqubo zokuhlolola, ukukhusela nokukopa iirekhodi kwiimeko eithile; ukunika uMphathiswa wePhondo igunya lokuyalela iBhunga likaMasipala ukuba lenze uvavanyo lokuqala emva kokufumana izityholo eithile; ukunika uMphathiswa igunya lokulinda iziphumo zophando olwenziwa ngamanye amaquamrhu karhulumente phambi kokuthatha amanyathelo phantsi kwecandelo 106 lomthetho *iMunicipal Systems Act* okanye lo Mthetho; ukulungisa iimfuno ezinxulumene novavanyo ekufuneka Iwenzive nguMphathiswa wePhondo phambi kokubiza icandelo 106(1) lomthetho *iMunicipal Systems Act*; ukulungisa iinkqubo xa kusetyenziswa elo candeloz; ukususa iimfuno eithile zokunika ingxelo; ukubonelela ngemicimbi apho uMphathiswa wePhondo angenza imimiselo; ukuzisa ulwaphulomthetho olongezelelweyo; nokunika imicimbi enxulumene noko.

NGOKO KE KUMISWA UMTHETHO yiPalamente yePhondo leNtshona Koloni ngolu hlobo lulandelayo:—

Ukulungiswa kwecandelo 1 loMthetho 4 ka-2014

1. ICandelo 1 loMthetho woBekoliso neNkxaso yooMasipala weNtshona Koloni, 2014 (uMthetho 4 ka-2014) (uMthetho oyintloko), liyalungiswa—

5

(a) ngokufaka phambi kwenkcazeloz “Umagaqo-siseko” yale nkcazeloz ilandelayo:

“**umkomishinala wezifungo**” uthetha umkomishinala wezifungo otyunjwe phantsi kwecandelo 5 le*Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963* (uMthetho 16 ka-1963) okanye umntu obekwe eofisini nguMphathiswa onoxanduva lobuLungisa phantsi kwecandelo 6 lalo Mthetho;”;

10

(b) ngokufakela emva kwenkcazeloz yo “umphandi” yezi nkcazeloz zilandelayo:

“**igosa lenkxaso likarhulumente wengingqi**” lithetha umntu okhetiweyo phantsi kwecandelo 2B;

15

“**igosa lenkxaso yobuphathiswa**” lithetha umntu ozimeleyo okanye igosa likaRhulumente wePhondo, iqumrhu loluntu lephondo okanye

- 5
- umasipala ePhondweni, okhethwe ngokwecandelo 4A ukwenza |
imisebenzi ekweli candelo;”;
- (c) ngokufakela emva kwenkcazelo ka “umasipala” yezi nkcazelo zilandelayo:
“**iinkcukacha zoluquu** zithetha iinkcukacha zoluquu njengoko
zichazwe kwicandelo 1 le*Protection of Personal Information Act, 2013*
(uMthetho 4 ka-2013);
‘igosa lezopolitiko’ lithetha igosa lezopolitiko njengoko kuchaziwe
kwicandelo 1 lomthetho we*Municipal Systems Act*;”;
- 10
- (d) ngokufakela emva kwenkcazelo yo “uMphathiswa wePhondo” yezi nkcazelo
zilandelayo:
“**‘igosa lenkxaso yephondo’** lithetha umntu ozimeleyo okanye igosa
loRhulumente wePhondo, iqumrhu loluntu lephondo okanye umasipala
ePhondweni okhethelwe ukwenza imisebenzi ekuthethwa ngayo
kwicandelo 3A;
‘irekhodi’ lithetha iinkcukacha ezirekhodiweyo, nokuba loluphi uhlolo
okanye indlela, kuquka ifayile, uxwebhu, incwadi okanye ezinye
iirekhodi ezibaliweyo okanye ezekhompyutha;”; kunye
- 15
- (e) nokufakela emva kwenkcazelo “ukumisela” yezi nkcazelo zilandelayo:
“**‘ICandelo loPhando eliLodwa’** lithetha iCandelo loPhando eliLo-
dwa elisungulwe phantsi kwecandelo 2(a)
le*Special Investigation Units and Special Tribunals Act, 1996*
(uMthetho 74 ka-1996) okanye nawuphi na umlandeli ngokusemthe-
thweni;
‘umsebenzi’, ngokunxulumene nomasipala, uthetha umsebenzi
kamasipala, kuquka nomphathi kamasipala;”.
- 20
- 25

Ukulungiswa kwecandelo 2 loMthetho 4 ka-2014

2. Icandelo 2 loMthetho oyintloko ulungiswa ngokongeza la macandelwana
alandelayo, icandelo elikhoyo liba licandelwano (1):

- “(2) UMphathiswa wePhondo ngesaziso kwiGazethi yePhondo ufunu nawuphi
na umasipala, okanye naluphi na udidi okanye uhlolo lukamasipala ochazwe
kwisaziso, afake kwiqumrhu likarhulumente lephondo elingqalileyo iinkcukacha
ezinjalo njengoko zingafunwa kwisaziso, nokuba ngamakhefu aqhelekileyo
okanye kwixesha elichaziweyo.
- (3) Xa esebenzisa amagunya akhe ngokwecandlwana (2), uMphathiswa
wePhondo—
- (a) kufanele athembele kangangoko kwiingxelo izisunguliweyo ezssemthe-
thweni ezinxulumeneyo ezifakwe ngoomasipala ngokwawo nawuphi na
umthetho; kwaye
- (b) angenza izicelo ezifanelekileyo koomasipala ukwenzela iinkcukacha
ezongezelelwego emva kokuthathela ingqalelo—
(i) umthwalo wolawulo koomasipala wokubonelela ngeenkukacha;
(ii) iindleko ezibandakanekayo; kunye
(iii) neendlela ezikhoyo, iinkqubo zokubeka esweni ukusebenza
komasipala.”.

UkuFakela kwamacandelo 2A no2B kuMthetho 4 ka-2014

45

3. La macandelo alandelayo afakwe kuMthetho oyintloko emva kwecandelo 2:

“UkuFikelela kwiirekhodi zoomasipala

2A. Ngeenjongo zokubeka esweni, zokuhlola okanye zokuphanda uma-
sipala ngokwalo Mthetho, umasipala okanye nalo neliphi na iqumrhu
likamasipala eliphantsi kolawulo olulodwa okanye olwabiwayo lukamasi-
pala kufanele abonelele isigqeba sephondo, uMphathiswa wePhondo,
igosa lenkxaso kampathiswa, igosa lenkxaso lephondo okanye amagosa
eSebe, xa kucelwa nguye nawuphi na kwaba bantu, ngokufikelela
kwiirekhodi ezinjalo njengoko kuza bayimfuneko kusenzelwa ukubeka
esweni okunjalo, uhlolo okanye uphando.

50

55

Ukuchongwa kwamagosa enkxaso karhulumente wengingqi

- 2B.** UMphathiswa wePhondo angachonga elinye okanye ngaphezulu—
 (a) amagosa kaRhulumente wePhondo;
 (b) abameli bequmrhu loluntu lephondo;
 (c) abasebenzi bomasipala wePhondo, kuxhomekeke nokuvumelana nomlawuli kamasipala;
 (d) abantu abazimeleyo,
 njengetegosa lenkxaso karhulumente wamakhaya njengoko kuchaziwe kwicandelo 154(1) nakwicandelo 155(6) loMgaqosiseko.”.

5

Ukulungiswa kwecandelo 3 loMthetho 4 ka-2014

10

4. Icandelo 3 loMthetho oyintloko uyalungiswa—

- (a) ngokufaka endaweni yecandelwana (1) eli candelwana lilandelayo:

“(1) [A] Ibhunga likamasipala, usomlomo, usodolophu okanye umlawuli kamasipala usenokuthi enze isicelo ngqo kuMphathiswa wePhondo okanye kwintloko yalo naliphi na isebe lephondo sokuba ancediswe **[umasipala]** ekwenzeni imisebenzi **[yakhe]** eyahlukileyo ngokubanzi okanye ngokuphathelele kumba othile onxibelelene nemisebenzi yabo eyahlukenyero.”; kunye

15

- (b) ngokufaka endaweni yecandelwana (2) eli candelwana lilandelayo:

“(2) Xa isicelo esinjalo senziwe[—],

[a] iSebe eli okanye elinye iSebe lePhondo elifanelekileyo kufuneka lisebenzisane nomasipala lowo, kwaye limnike uncedo olo lucelwayo; kwaye

[b] iSebe, eli okanye elinye iSebe lePhondo elifanelekileyo, kunye nomasipala lowo kufuneka bazinxibeelanise izinto abazenayo.

20

25

Ukufakelwa kwecandelo 3A kuMthetho 4 ka-2014

5. Eli cedula lilandelayo lifakwe emva kwecandelo 3 loMthetho oyintloko:

“Ukubeka iliso kwangaphambili

3A. (1) Ukuze kubekwe esweni kwaye kuxhaswe oomasipala kwangaphambili, uMphathiswa wePhondo ngokumayelana nomasipala, angachonga igosa lenkxaso lephondo ukuze—

30

- (a) ukufumanisa ukuba umasipala uyithobele imigaqo esemthethweni esebezayeo;

35

(b) ukuvavanya ukuphunyeza kukamasipala ngemigaqonkqubo ese-
benzayeo, iinkqubo zokusebenza eziqhelekileyo namanqaku okuzi-
qhelanisa okusebenza;

40

(c) achonge imingcipheko acebise ngeendlela zokuphucula kwimigaqo
 neenkqubo ukube kuthintelwe ubuqhetseba, urhwaphilizo, ulawulo
 olugwenxa; kunye

45

(d) nokunceda ngokukhawuleza ukubaqa ubuqhetseba, urhwaphilizo,
 ulawulo olugwenxa kumasipala.

(2) Ukuba uMphathiswa wePhondo uchonga igosa lenkxaso lephondo ngokwecandelwana (1), uMphathiswa wePhondo kufanele afumanise ngokubhala umda wokubeka esweni nenkxaso emayibonelelwe kunye neminye imigaqonkqubo yokuchonga.

50

(3) Igosa lenkxaso lephondo kufanele libonelele uMphathiswa wePhondo—

55

(a) ngengxelo yeziphumo zokubeka esweni nenkxaso kunye nophicho-tho oluchazwe kwicandelwano (1), kuquka izizathu zezo ziphumo; kunye

(b) neziphakamiso zakhe ezinxulumene neziphumo.

(4) UMphathiswa wePhondo kufanele abonelele ngekopi yengxelo neziphakamiso zegosa lenkxaso lephondo kumasipala ochaphazeleyo.”.

55

Ukulungiswa kwecandelo 4 loMthetho 4 ka-2014

6. Icandelo 4 loMthetho oyintloko lilungiswa ngokufaka endaweni yecandelwana (4) eli candelo lilandelayo:

“(4) Lingaciswana zenkubo ezikhutshwe ngokwecandelwana (1) zikwizinga lesikhokelo esingenazimbophelelo.”.

5

Ukufakelwa kwamacandelo 4A, 4B no4C kuMthetho 4 ka-2014

7. La macandelo alandelayo afakwe kwicandelo 4 loMthetho oyintloko:

“Ukuholwa, ukukhuselwa kunye nokukotshwa kweerekhodi

4A. (1) Ukuba uMphathiswa wePhondo uthe ekufumaneni kwakhe iingcombolo zokurhaneleka kokusilela komasipala ekuzalisekeni izibophelelo ezisemthethweni, ulawulo olugwenxa, ubuqhetseba, urhwaphilizo okanye olunye ulawulo olugwenxa olunobuzaza unesizathu sokukholelwa ukuba irekhodi elinxulumene kwiingombolo ezifunyenweyo ziya kufhlwa okanye zitshatyalaliswe ukuba azikhuselwanga ngomba ophambili, ngaphandle kokunika isaziso kumasipala, achonge igosa lenkxaso likamphathiswa liye kumasipala lize lihlole, likhuselwe likope irekhodi elinxulumene kwiingombolo ezifunyenweyo ngendlela echazwe kwicandelwana (5), elifundwa kunye necandelo 7A.

10

(2) Ekufumaniseni iinjongo zecandelwana (1) ukuba ukuhlolwa, ukukhuselwa kunye nokukotshwa kweerekhodi kuyafuneka na, uMphathiswa wePhondo kufanele athathele ingqalelo yonke imiba, kuquka ukuba kunxulumene—

15

- (a) ukuba ngubani na udizamahlebo;
- (b) ubunzulu bokwaphulwa komthetho;
- (c) nokuba ulwaphulomthetho kutyholwa ukuba luyaqhube ka okanye lunokwenzeka kwixesha elizayo;
- (d) abantu abajongene nezityholo; kunye
- (e) nomdla woluntu.

20

(3) Ukuba uMphathiswa wePhondo uchonga igosa lenkxaso kamphathiswa ngokwecandelwana (1), uMphathiswa wePhondo kufanele afumanise ngokubhala umda kunye neminye imigaqonkqubo yokuchonga.

25

(4) Ngokwecandelwana (5) kunye necandelo 7A, igosa lenkxaso likamphathiswa elichaphazeleyo, nangaliphi na ixesha elifaneleki-leyo—

30

- (a) linokufikelela okungaqingqwanga okupheleleyo kulo naliphi na irekhodi likamasipala; kunye
- (b) linelungelo lokubuza nawuphi na umsebenzi okanye umsebenzi osebenza kwiiofisi zezopolitiko zikamasipala, ukuba urhanela ngokufanelekileyo ukuba irekhodi okanye umsebenzi okanye umsebenzi osebenza kwiofisi yezopolitiko elichaphazeleyo lingabonelela okanye lifikelela kwiinkcukacha ezinxulumeneyo echazwe kwicandelwana (1).

35

(5) Ngokwecandelo 7A, igosa lenkxaso likamphathiswa—

40

- (a) lingangena nakwesiphi na isakhiwo okanye umhlaba ka okanye ophantsi kolawulo lukamasipala aphi arhanelo ngokufanelekileyo ukuba irekhodi elinxulumene nomba ochazwe kwicandelwana (1);
- (b) ngendlela eboniswe kwicandelo 7(4)(d), liyalele nawuphi na umntu amrhanela ngokufanelekileyo anganerekhodi kuye okanye eliphantsi kolawulo Iwakhe kwaye olunxulumene nomba ochazwe kwicandelwana (1) aveze okanye azise kwindawo nangexesha elichaziweyo nangendlela ethile, nayiphi na irekhodi enjalo;
- (c) lihlole nayiphi na irekhodi kwaye abuze nawuphi na umntu onokuba nolwazi ngomba ochazwe kwicandelwana (1) ngalo nayiphi na irekhodi enjalo; okanye
- (d) likhuphele, okanye lenze ikopi kulo naliphi na irekhodi elinjalo ngendleko zikamasipala okanye lisuse naliphi na irekhodi elinjalo, kuquka nasiphi na isixhobo se-elektronikhi, ukwenza iikopi okanye

45

50

55

likhuphele, ngaphandle kokuba irekhodi okanye isixhobo se-elektronikhi sibuyiselwe kumasipala ngaphandle kokulibazisa okungafanelekanga emva koko.

Uvavanyo lokuqala

4B. (1) UMPHATHISWA WEPhondo, ekufumaneni izityholo zokuba umasipala kwiPhondo akanakho okanye akazalisi imigaqo esemthethweni ebophelelo loo masipala, okanye ulawulo olugwenxa, ubuqhetseba, urhwaphilizo okanye olunye ulawulo olugwenxa olunobuzaza olwenzekileyo okanye olwenzekayo kumasipala wePhondo, ngokolovo lwakhe alubalulekanga, alucaphukisi, aluqiqi okanye ngokucacileyo alunasiseko, liyalele ibhunga likamasipala liqhube uvavanyo lokuqala lezityholo.

(2) Ukuba uMPHATHISWA WEPhondo uyalela ibhunga likamasipala liqhube uvavanyo lokuqala phantsi kwecandelwana (1), uMPHATHISWA WEPhondo angafuna ingxelo yovavanyo lokuqala egameni likamasipala inikwe yena ngaphambi okanye ngomhla ochaziweyo, echaza iziphumo kwaye, ukuba ayasebenza, amanyathelo athathiweyo okanye aza kuthathwa ngumasipala onxulumeneyo alungise umba ochazwe kumhlathe (1).

Ukuphindaphindwa kweemvavanyo kunye nophando

4C. Ukuba uMPHATHISWA WEPhondo unoluvo lokuba kufaneleke ngakumbi ukuba isityholo siphandwe yiNkonzo yamaPolisa yoMzantsi Afrika, iziko elichazwe kwiSahlulo 9 soMgaqosiseko, iCandelo loPhando eliKhethekileyo okanye elinye iziko likarhulumente, anga—
 (a) gqithisa isityholo kumbutho olunxulumeneyo; okanye
 (b) alinde isiphumo sophando olunjalo phambi kokuba athathe inyathelo ngokwecandelo 106 weMunicipal Systems Act okanye lo Mthetho.”.

Ukulungiswa kwecandelo 5 loMthetho 4 ka-2014

8. Iandelo 5 loMthetho oyintloko utshintshwa ngeli cabela lilandelayo:

30

“Amanyathelo phambi kokusebenzisa icandelo 106(1) lomthetho oyiMunicipal Systems Act

5. UMPHATHISWA WEPhondo kufuneka, phambi kokuba athabathe naliphi na inyathelo phantsi kwecandelo 106(1) lomthetho oyiMunicipal Systems Act[—],

[(a) ngesaziso esibhaliweyo amazise umasipala lowo uchaphazelekayo ngeenkukacha ezithe zafunyanwa nguMPHATHISWA WEPhondo, amcele umasipala lowo ukuba angenisele uMPHATHISWA WEPhondo impendulo yakhe ebhaliweyo ngosuku olubekwane nguMPHATHISWA WEPhondo; kananjalo

